

Liewe gemeente

Die Black Lives Matter beweging in Amerika het met die dood van George Floyd (25/05/20) aan die hand van 'n polisieman, werklik vlamgevat. In Suid Africa het die ANC dadelik ondersteuning hieraan verleen en uitgevaar oor polisie-brutaliteit in Amerika. Dit was veral vanuit sportgeledere wat hier ter plaatse sterk stemme vir die beweging opgegaan het. Die teenpool hiervan was "All lives matter" wat gepropageer het dat dit nie net swart lewens is wat waarde het nie. Dan was daar ander wat dadelik 'n godsdienstige sousie oor dit alles gegooi het deur te verklaar, hulle buig net voor God en geen mens nie. Dit is nou na aanleiding van die simboliese afsak op die knie met 'n vuis in die lig.

Met die weersinswekkende plaasmoorde by Hartswater van verlede Sondag het die President na mening gesê dat alle lewens saakmaak en alle moorde is ewe afkeurenswaardig. Daar was aanvanklik nie eens 'n woord gerep oor die dood van Collins Khoza, met die begin van inperking nie, of oor die ander 10 wat aan die hand van veiligheidsmagte gesterf het nie. Die president se reaksie in gesprek met die SA Raad van Kerke: "Die veiligheidsmagte was oorywerig." Na vele vrae, het pres Ramaphosa toe hulle name een aand afgelees. Ons praat nou nie eens van die 50 mense wat per dag in ons land vermoor word nie. Lewe in Suid Afrika is min werd en lewens het 'n speelbal vir die politici geword. Die hofaanzoek om die regering te dwing om die skoolvoedingsprogram vir 9 miljoen kinders te hervat, is hiervan 'n bewys. Dit terwyl daar nog geld in SAA gestort gaan word.

In 'n ideale samelewing sou alle landsburgers lankal op die knie afgesak het om solidariteit te toon teenoor die boere wat vermoor word, vroue en kinders wat verkrag word en polisie-brutaliteit. Daarom is my oproep, vir die wat na die dagstukkies kyk wat ek elke dag uitstuur, deurgaans: Ons moet anders optree. Ons moet leef soos die samelewing wat ons oor droom. Ons kan die verskil maak deur op te hou haat, vloek en skel.

Ek het begrip daarvoor dat ons bekommerd oor is die situasie in ons land. Ons weet nie wanneer die kruitvat werklik gaan ontplof nie. Dit voel egter of ons op 'n mespunt gebalanseer is. As individue voel ons hulpeloos, wanhopig. Die situasie is so gevaarlik, die onreg is so wydverspreid, die gevaar is so naby. Indien ons nou paniekbevange raak, gaan dit ons situasie verbeter? Kalmte is wat nou nodig is. Die innerlike kalmte wat die Here alleen kan gee en wat ek in stilte en meditasie myself inoefen en skool.

In hierdie stroomversnelling waarin ons ons nou bevind, moet iemand op die boot kalm bly en bedaard, koersvas rigting hou. Om nou op mekaar en ander te gil, skree en vloek is nie

net destruktief nie, dit kan die boot laat sink. Die stuurman se gesigsuitdrukking moet nou een wees van helderheid, kalmte en hoop, op so iemand vertrou jy graag. Ek en jy is daardie stuurman. Wie het ons dit gemaak? Christus Jesus ons Here, toe Hy gesê het: Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook.” “Awaken to you calling!” Wanneer jy dit verstaan, kan jy nie anders as om lief te hê nie. Om wakker te word en begrip vir jou verantwoordelikheid te kry (dit begin deur net in stilte te sit), moet jy doelbewus met deernis na mense kyk. Miskien moet ons na die mense om ons begin kyk as pasiënte wat 'n Geneser nodig het, dan sal ons ook meer deernis hê. Waar daar deernis is, daar is God die Heer. So verlig ons die lyding in hierdie land en so verander ons hierdie land.

“True contemplation is the most subversive of activities because it undercuts the one thing that normally refuses to give way—our natural individualism and narcissism. Once we are freed from our narcissism that thinks we are the center of the world, or that our rights and dignity have to be defended before other people’s rights and dignity, we can finally live and act with justice and truth. People don’t really change by themselves. God changes us, if we can expose ourselves to God at a deep level.” (Richard Rohr 27 Julie 2020.)

Groete en seën

Dr Johan van den Heever